NAMIBIA ENDURANCE RIDE ASSOCIATION

BOX / BUS 2069 TEL: +264-67-302869
OTJIWARONGO FAX: +264-67-302869
NAMIBIA Mobile: +264-81-2065939
E-MAIL: secretary@namibiaendurance.org

"TO FINISH IS TO WIN"

13/08/2019

Goeiedag NERA Lede

Die Raad wil graag die volgende verwikkelinge onder u aandag bring aangaande ons sport.

Sien aangehegde skrywe wat aan die begin van die jaar na die lede gestuur is.
NAMEF begin al hoe meer inmeng in die reëls en regulasies van NERA met spesifieke verwysing na die kies van spanne en selfs ook die aanbied van klubritte.

NERA het die afgelope 25 jaar hul eie dissipline gereël en georganiseer onder die basiese stel reëls van die FEI. Die FEI reëls was nog altyd as basiese riglyn gebruik en verskeie reëls is aangepas om ons sport in Namibia te kan bedryf ten voordeel van ons ruiters en perde.

Die volgende voorstelle van NAMEF is tans op die tafel wat ingrypende veranderinge in ons sportkode tot gevolg kan hê.

1. Net ruiters en perde wat FEI geregistreer is en aan FEI ritte op FEI vlak deelneem, mag in aanmerking kom vir spanne.

2. Net FEI geregistreerde PTV Veeartse mag op klubritte werk.

Die standpunt van die NERA Raad is as volg:

a. Daar is `n 80% NERA ruiters teenoor `n 20% NERA FEI ruiters in ons uithourit dissipline.

b. FEI reëls begin al hoe meer vereis dat meer ritte gery moet word met `n perd voordat die perd op 2 ster vlak kom.

c. Om bo-genoemde te laat realiseer, sal veroorsaak dat ons meer FEI ritte sal moet aanbied ten einde ons perde op 2 * vlak te kwalifiseer.

d. Die koste vir die registrasie en kalender fooie om FEI ritte aan te bied het baie duur geword as gevolg van die wisselkoers tussen die Namibiese dollar en die Swiss Franc.

e. Die koste om `n PTV veearts by `n rit te laat werk, kan veel meer wees as die van `n lokale veearts wat nie noodwendig PTV akkreditasie het nie, hoofsaaklik as gevolg van vervoer koste. Die voorstel van NAMEF dat slegs PTV veeartse op klubritte mag werk mag dalk lei tot die dood van kleiner klubritte met min deelnemers omdat die kostes nie verhaal kan word uit die rit uit nie. Die behoud van klubritte is die ruggraat van NERA. Dit is hier waar nuwe ruiters en perde in ons sport ingebring word teen relatief goedkoop kostes. NERA kan nie toelaat dat FEI kostes en reëls klubritte se voortbestaansreg bedreig nie.

f. As gevolg van die wisselkoers en die astronomiese koste om FEI ritte te registreer, kalender fooie te betaal, veearts vervoer verblyf en dagfooie te betaal, beampte vervoer verblyf en dagfooie te betaal en buitelandse beamptes en Veeartse in te vlieg en te betaal, het 90 % van die klubs besluit om nie volgende jaar FEI ritte aan te bied nie.

g. Die feit dat NAMEF wil vereistes instel dat net perde en ruiters wat FEI geregistreer is en deelneem as FEI ruiter en perd op `n FEI rit mag kwalifiseer vir Namibiese kleure, gaan veroorsaak dat die 80% Nera lede nie die geleendheid sal hê om hul land op Nasionale vlak te kan verteenwoordig nie. NERA sal ook nie meer hul spanne kan vul nie.

h. Die NERA Raad is nie teen FEI gekant nie, maar as gevolg van koste is dit onmoontlik om by te bly by die vereistes van die FEI.

i. Ons het wel die reëls en regulasies van `n Wêreldliggaam nodig waaronder ons, ons sport moet beoefen.

j. Die NERA Raad het wel besluit om te registreer by die FEI vir 2020 ter wille van die reëls en regulasies en om te behoort aan `n Wêreldliggaam. Tans is die besluit op die tafel om net 2 FEI ritte aan te bied in 2020 naamlik `n 2* rit op Walvisbaai, deur NERA en `n een ster rit deur Duneside klub waarvan die datum nog vasgestel moet word.

Bo-genoemde is `n bewys dat NERA nogsteeds daartoe verbind is om alle lede op alle vlakke te akkommodeer. NERA is tans in gesprek met die Sportraad om die beste pad vorentoe vas te stel aangaande die vereistes vanaf NAMEF, maar ook om alle Nera lede te verteenwoordig en die kans te gun om hul land te verteenwoordig op Nasionale sowel as Internasionale vlak.

Groete

Jan Meeser